Laerskool Louis Leipoldt **12 Januarie 2022**

Akademiese Kwartaalprogram (Yskasbrief)

Liewe Ouers

Volg asb. die yskasbrief getrou. Indien dit verlore raak, is dit ook beskikbaar op die D6 en die skool se webbladsy by www.louisleipoldt.co.za

Om regtig veilig op die skoolterrein te kan wees, vra spanwerk van alle Leipies en ons doen daarom ‘n beroep op u as ouers om NIE u kind skooltoe te stuur indien hy/sy siek is nie. Op hierdie manier beskerm ons mekaar. Gesels met u kind oor die belangrikheid van sosiale afstand en sanitering sodat hulle weet waarom dit belangrik is. Volgens COVID-19 protokol, mag geen ouers op die skoolterrein toegelaat word nie.

Ons eerste tema: EK IS SPESIAAL, strek oor drie weke.

Week 1:

Kyk asb. elke dag in u kind se rooi huiswerksak vir huiswerk en briewe.

- Vanaf 12 - 28 Januarie doen ons ‘n oriënterings- en perseptueleprogram met die leerders.
- *Leerders ontvang ‘n klein huiswerkboekie. Dit is nie formele huiswerk nie en word Vrydag ingehandig.*
- *Ons begin volgende week met formele huiswerk.*
- *Leerders ontvang ‘n Inligtingsboekie (onthouboekie). U en u kind moet asb by die erekode teken.* ***Leerders ontvang hulle eerste positief as die erekode geteken is.***
- *Juffrou en leerders stel hulself voor.*
- *Klasreëls word geleer en ingeskerp.*
- *Uitstappie op die skoolterrein.*
- *Ons behandel badkamerreëls.*
- *Pousereëls.*
- *Gesonde kos vir eerste pouse asb.*
- *Lekkergoed mag tweede pouse geëet word.*
- *Speelgrondreëls vir veiligheid.*
- *Letterlandstorie.*
- *EKG- eerste keer gehoorsaamheid word bespreek.*
- *Positiewe en negatiewe word verduidelik.*
- *Tel op getallelyn teen die muur en op 100-kaart.*
- *Links en regs.*
- *Potloodgreep.*

- *Sitposisie.*
- *Basislynassessering.*

Week 2:

- Tuiswerk: Leerders ontvang afgerolde tuiswerk met taal-, lees- en wiskunde opdragte. Dit word in die rooi huiswerksak huistoe gestuur. Merk asb. die huiswerk en stuur dit elke Vrydag terug. Moet asb. nie vooruit werk nie. Die doel is om elke dag iets te leer en nie net klaar te kry nie.
- Wiskunde: Tel elke dag op die 100-kaart in die huiswerkboek van 0-10 en terug. Gebruik leesvinger om te tel. Leerders moet asb. nie uit die kop tel nie. Dit is ‘n leesopdrag.
- Tel elke dag in ewe en onewe getalle van 0-10 en terug op die 100 kaart.
- Getal 1: Leerders moet dit kan herken, skryf en die naam “een” kan herken en skryf. Let op dat 1 van bo na onder geskryf word en nie van onder na bo nie.
- Kombinasies van 1 in die huiswerkboek moet teen Vrydag goed bemeester wees. Dit is hoofrekene en word uit die kop geleer.
- Oefen links en regs. Laat u kind gereeld ‘n klippie in sy of haar linkerhand vashou om te onthou watter hand links is.
- Lees en klank: Leerders lees elke dag in die klas en by die huis.
- U kind kan nog nie lees nie en moet slegs die aangeleerde klankies kan herken in die leesopdragte.
- Sigwoorde kan in die huis opgeplak word. Leerders moet dit gereeld herken. Sigwoorde word herken en nie geklank nie.
- Leerders ontvang ‘n Woordboulêer wat elke dag in hul rooi huiswerksak skooltoe moet kom.
- Knip al die kartonklankies uit, skryf leerder se naam op elke klankie en plaas dit in die gegewe banksakkies. Moet asb. nie die klankies lamineer nie aangesien ons daarop gaan teken en inkleur.
- Dit sal op die yskasbrief aangedui word indien u saam met u kind woorde moet bou met die uitgeknipte klankies.
- Ons leer o en oo aan. Leerders moet weet waar begin die o. Daar is ‘n voorbeeld in die Woordboulêer.
- Telrympie word by die huis en klassikaal aangeleer.
- Stuur asb. ‘n poskaartgrootte foto van u kind skooltoe, dit kan ‘n fotostaat ook wees.
- Maak asb. seker dat u kind u adres, telefoonnommer, sy/haar verjaardag en ouderdom ken. Vul asb. die werkvel wat huistoe gaan saam met u kind in. U kind kan nog nie lees of skryf nie en moet dit uit hul kop ken. Stuur asb. weer terug. ***Hierdie opdrag word volgende week geassesseer.***
- Kuns: Selftekening.

- Basislynassessering.

Week 3:

Assessering vind deurlopend plaas en leerders mag nie onnodig afwesig wees nie.

- Tuiswerk: Leerders ontvang afgerolde tuiswerk. Merk en stuur dit Vrydag terug. Moet asb. nie vooruit werk nie.
- Wiskunde: Tel elke dag op die 100-kaart in die huiswerkboek van 0-10 en terug.
- Tel elke dag in ewe en onewe getalle van 0-10 en terug.
- Getal 2 moet herken en geskryf word met korrekte beginpunt. Let asb. op dat leerder dit nie omkeer nie. Leerder moet ook die naam “twee” kan skryf en herken.
- Maats van 2 moet teen Vrydag goed bemeester wees. Dit is hoofrekene en word uit die kop geleer.
- Lees en klank: Leerders lees elke dag in die klas en by die huis.
- S klank word aangeleer. Leerders moet by die regte beginpunt begin en die “s” nie omkeer nie. Kyk in die Woordboulêer na die voorbeeld.
- Bou die volgende woorde : os, oos, so, soos met die uitgeknipte klankies. Leerders moet dit kan klank en lees.
- Rympies: ***“Ek het een kop” word Vrydag geassesseer.***
- Kuns***: Selftekening word geassesseer.***

Baie dankie vir u positiewe samewerking.

Groete

Graad een personeel